PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERSOEK OM BENOEMINGS

AANSTELLING VAN DRIE LEDE IN DIE RAAD VAN DIE AGENTSKAP VIR MEDIAONTWIKKELING EN -DIVERSITEIT (AMOD)

Instellings en/of individue word hiermee uitgenooi om persone te benoem om drie vakante poste te vul vir nie-uitvoerende lede in die Raad van die Agentskap vir Mediaontwikkeling en -diversiteit, kragtens artikel 4 van die Wet op die Agentskap vir Mediaontwikkeling en -diversiteit, Wet No 14 van 2002.

Die AMOD is ingestel ten einde "histories benadeelde gemeenskappe en persone wat nie voldoende deur die media gedien word nie", in staat te stel om toegang tot die media te verkry. Die begunstigdes daarvan is gemeenskapsmedia en klein kommersiële media.

'n Raadslid sal:

- 'n Persoon wees wat verbind is tot regverdigheid, vryheid van uitdrukking, oopheid en verantwoordbaarheid
- Verteenwoordigend wees van 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek en sal beskik oor toepaslike kwalifikasies, kundigheid en ervaring op die gebied van, onder andere: Gemeenskapsmedia' Maatskaplike, Arbeids- en Ontwikkelingsaangeleenthede; Media; Ekonomie; Finansiële Bestuur en Finansiering; Reklame en Bemarking; Joernalistiek en Uitsaaiprogrammering; Media-navorsing; Media-opleiding, -geletterdheid en -onderrig; Media-reg; en Beleid oor Inligtings- en Kommunikasie-tegnologie; of enige ander verwante kundigheid of kwalifikasies. Benoemdes moet ook Suid-Afrikaanse burgers wees wat permanent in die Republiek woon.

Skriftelike benoemings moet die volle name en adres bevat van die instelling en/of individu deur wie die benoeming gemaak word, die benoemde se ondertekende aanvaarding van die benoeming en sy/haar Curriculum Vitae, wat ten minste die volgende inligting moet bevat:

- Volle name, ID-nommer en geslag
- Kontakadres, telefoon- en faksnommer, e-posadres
- Vorige ervaring (betrokke datums en organisasies aangedui)
- Gewaarmerkte afskrifte van akademiese kwalifikasies en Identiteitsdokument.

Benoemings en navrae moet gerig word aan die Portefeuljekoitee oor Kommunikasie, (Aandag: **mnr Thembinkosi Ngoma**, Komiteesekretaris), 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000, of per e-pos gestuur word aan **tngoma@parliament.gov.za** of gefaks word na **0865225740.** Telefoniese navrae kan gemaak word deur **(021) 403 3733** of **0837098407** te skakel.

Sluitingsdatum vir benoemings: Vrydag, 30 Junie 2017, om 16:00.

Let asb daarop dat benoemdes aan 'n kwalifikasie-ondersoek en 'n sekerheidsklaring onderwerp sal word. Voorleggings wat laat ingedien word, sal nie oorweging geniet nie. Kandidate wat voorheen aansoek gedoen het, word aangeraai om nie weer 'n aansoek in te dien nie.

Uitgereik deur mnr Humphrey Maxegwana, LP: Voorsitter, PK oor Kommunikasie.